Ja ons sal nou daarby kom hoor. Nou in daardie verklaring van u sê u dat u vir Megan op 19 Oktober 2009 na die Silverton polisie stasie geneem het? --- Ja. (1ste keer)

Om wat te gaan doen? --- Op daardie tyd was daar nog steeds nie 'n verklaring van haar afgekry nie en die verdediging of Mnr. Raath se prokureur het gevoel dat as daar nie 'n verklaring is nie beteken hy kan weer die kind sien en hy wou druk op ons geplaas het dat ons 'n verklaring moet kry.

So sy het eerste gesê Donovan? --- Ja.

Het sy gesê wat hy gedoen het? --- Volgens die prentjies, dit was net sulke prentjies en gesê hy het sy hand ingesit, dit is al.

In wat ingesit? --- In haar broekie.

Wat het hy gedoen, het sy vir u gesê of het sy vir Inspekteur Pienaar gesê? --- Nee. Hy het aan haar gevat dink ek.

Net aan haar gevat ja? --- Ja.

Nou die onderhoud is toe gestaak het u toe weer 'n afspraak gemaak? --- Ja want ons moes 'n verklaring kry. Almal het druk op ons geplaas want die saak staan stil, die pa hulle wil die kind weer sien so toe het ek weer 'n afspraak gemaak vir 4 November maar hierdie keer nie by 'n polisie stasie nie want die polisie stasie het die kind heeltemal getraumatiseer.

1 Desember.

MNR. SCHNETLER: Presies, nou u sê hier, onthou nou die 1ste wou sy nie praat by die polisiestasie nie. Daar is 'n afspraak gemaak vir 24 Oktober by Wilma Stander se huis en Inspekteur Pienaar sal Terblanche saambring om met Megan te praat? --- Hulle het gesê hulle gaan haar eers ontmoet.

Het dit plaasgevind? --- Ja dit het. Dit het plaasgevind, hulle het haar eers ontmoet, sy het gesê sy gaan haar nie nou ondervra nie.

Het hulle toe die saak bespraak toe hulle haar ontmoet het? --- Hulle het haar ontmoet, hulle het vir haar gesê hulle is die tannies, hulle gaan met haar praat en sy gaan vir, ek weet hulle het haar ontmoet. Ek kan nie onthou presies wat was die gesprek nie maar hulle het haar ontmoet voor die tyd.

Het hulle gepraat oor die saak? Het sy vir hulle vertel dit? --- Sy het nie vertel van die saak nie, nee.

Het hulle haar uitgevra oor die saak? --- Ek kan nie onthou nie. Sy

2de keer bevestig

het dit uitgestel na die 4de toe.

Kan ek vir u lees in paragraaf 2 wat sê u? --- Ja.

3de keer

28 Oktober het ek weer vir Megan Raaths opgelaai en haar na Wilma Stander se huis geneem om vir Kaptein Terblanche te ontmoet. Die ontmoeting het plaasgevind? --- Ja dit was nie die 4de nie dit was die 28ste het die ontmoeting plaasgevind.

Hulle het nie gepraat nie? U skud u kop? --- Ekskuus.

Het hulle gepraat of het hulle nie gepraat nie? --- Ek weet nie.

Nou sê u op 1 Desember is daar toe nie 'n verklaring geneem nie, sy het gesê sy het notas geneem en dit sal bymekaar gesit word of wat het u daaroor getuig? --- Sy het 'n klomp notas gemaak en sal dit alles in 'n verklaring formaat neerskryf en dan die gemeenskaplike werker skakel sodra hulle kan ontmoet dat Megan dit kan onderteken.

So wat sy eintlik sê, ons het nou notas gemaak, ons gaan nou weg en dan gaan ons 'n verklaring opstel. Is dit basies wat dit op neerkom en dan sal ons later vir Megan laat weet en dan kan sy kom teken, is dit wat u sê? --- Hulle sal my bel om te sê dat sy kan die verklaring onderteken, ja.

Wat ek wou sê, hulle het notas? --- Ja.

Hulle sal weggaan en 'n verklaring opstel, is dit korrek? --- Ja hulle het gesê hulle gaan dit in 'n verklaring formaat neerskryf, wat sy vir hulle gesê het, wat sy vir haar gesê het.

Nou toe sy, hoe het dit gekom dat Megan hierdie verklaring geteken het? --- Dit was in my kantoor.

Het u na die polisie toe gegaan met Megan of het hulle na u toe gegaan? --- Hulle het na ons toe gekom. Hulle het my gebel vir 'n afspraak.

Dit was in Daspoort? --- Dit was in Daspoort.

Nou voordat hulle daar weg is met die notas, het die polisie en Stander met mekaar gepraat? --- Nee nie waarvan ek weet nie.

Hercules Mas 713/04/09 A1

1945

Megan Raaths verklaar verder:

9.

Ek kan nie onthou hoeveel keer dit in daardie huis gebeur het nie

10.

Ons het daarna Boksburg toe getrek. Ons huisnommer was "9B". Ek het daar in my eie kamer geslaap en dit het goed gegaan met my ma en pa

11.

Terwyl ons daar gebly het, het my ma laat gewerk party dae. Sy het by die "lawn-pro" gewerk

12

Terwyl ons daar gebly het, het Pappa so 5 keer sy privaat in myne gedruk. Ek het toe nie vir iemand daarvan vertel nie, want Pappa het gesê as ek vir iemand vertel, gaan ~~ek~~ hy tronk toe.

egan

13

Terwyl ons in daardie huis

|04|09 A

1946

aar vader

en pa

, my ma

na my ouma

appa het

getrek.

het toe

713 |04 |09 A14

1947

klaar ver

l ek in die

my ma my

Sy het toe my

my geura

it was. Ek

ertel dat my

ra het om

..., en dan weer 'n
week by Pappa in Wolwaardstraat.

15.

Terwyl ons by my pa was
in Wolfaardstraat, het pappa
nie weer sy privaat in myne
gedruk nie

16.

Verlede jaar terwyl ek in
die Dolfyn-Klas was, het